# Swartland Wynkelder wen saak teen sertifiseringsowerheid oor etikette

**Jana Breytenbach**

Die etiket van enige produk bevat toepaslike inligting wat gebruik word om besluite te neem, en in die geval van meeste se gunsteling-drankie is 'n wynetiket baie belangrik.

Mense se smaak verskil: Sommige mense hou van droë wyn, wyn met 'n sitrusgeur of wyn van spesifieke gebiede.

Daarom is daar 'n regulatoriese raad wat die goedkeuring van wynetikette in Suid-Afrika bestuur.

Sonder die korrekte inligting op 'n wynetiket kan 'n wynmaker of -verkoper 'n boete van R8 000 of twee maande gevangenisstraf opgelê word, mits jy 'n eerste oortreder is.

Dié kwessies is die kern van 'n hofgeskil waar die Swartland Wynkelder die hooggeregshof in Kaapstad met 'n aansoek genader het om te bevind dat die Wyn-en-spiritualieëraad en die Wynsertifiseringsowerheid etikette slegs mag goedkeur indien dit aan al die bepalings van die wetgewing voldoen.

Die aansoek is ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Paja) ingedien.

In Suid-Afrika moet wynprodusente aan Suid-Afrika se Wyn van Oorsprong-skema – 'n regulatoriese raamwerk onder die Wet op Drankprodukte (60 van 1989) – voldoen. Dit bepaal hoe wyne geëtiketteer en bemark kan word, gegrond op hul geografiese oorsprong.

Op elke etiket moet die "Wyn van Oorsprong" geïdentifiseer word.

Die raad was tot en met 2023 verantwoordelik vir die goedkeuring van die etikette, maar die minister van landbou het toe (in 2023) die Wynsertifiseringsowerheid gestig, wat die verantwoordelikhede van die raad oorgeneem het.

**Agtergrond**

In Oktober 2021 het die Wyn-en-spiritualieëraad die betrokke problematiese etikette goedgekeur.

Die etikette het gelees: DAWN PATROL CHENIN BLANC | 2021 SWARTLAND, Momento GRENACHE NOIR SWARTLAND 2020 en DAWN PATROL CINSAULT ROSÉ 2021 Swartland.

Die etikette het nie die bewoording "Wyn van Oorsprong" bevat nie en toe die applikante dit besef, het hulle dit by die raad aangemeld, wat op sy beurt gesê het indien die produksiegebied se naam op die etiket verskyn, hoef "Wyn van Oorsprong" nie op die etiket geplaas te word nie.

Die applikante het gevoel dit is onwettig ingevolge art. 23 van die skema. In November 2021 het die Swartland Wynkelder appèl by die raad aangeteken, maar dit is van die hand gewys.

Hulle het in Oktober 2023 die besluit op appèl na die appèlowerheid geneem, waar dit ook van die hand gewys is, en hierna het die Swartland Wynkelder die hooggeregshof in Kaapstad met 'n hersieningsaansoek ingevolge Paja genader, asook 'n bevel vra dat die hof bevind dat die goedkeuring van wynetikette streng net ingevolge art. 23 gedoen mag word.

**Hofsaak**


Die hof moes besluit of die raad die gesag gehad het om etikette wat nie aan wetgewing voldoen nie, toe te staan en of die prosedure wat die raad gevolg het, billik was.

Regter Lister Nuku het einde Oktober uitspraak gelewer en ten gunste van die Swartland Wynkelder bevind.

Hy het 'n bevel uitgereik wat lui dat net etikette ingevolge art. 23 goedgekeur mag word en die woorde "Wyn van Oorsprong" moet bevat.

Hy het verder die 2021- en 2023-besluite ter syde gestel en die respondente gelas om die koste te betaal.

Die Swartland Wynkelder sal nou van nuuts hul etikette by die Wynsertifiseringsowerheid vir goedkeuring moet indien.



# DIE BURGER Snuffelgids

087 353 1322
**Kantoorure vir advertensie-plasing:**
**Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:30**

## FAMILIEKENNISGEWINGS
1000

## STERFGEVALLE
1005

### DANIELS Johan



Media24 neem afskeid van Johan Daniels.
Ons het met groot hartseer verneem van die afsterwe van ons gewaardeerde jare lange kollega.
Johan was 'n besondere mens wat ons werkplek met sy teenwoordigheid verryk het.
Sy glimlag het enige dag opgehelder.
Hy was altyd bereid om te help.
Sy afsterwe laat 'n groot leemte by dié van ons wat by die Media24-gebou in Kaapstad werk.
Dit is 'n leemte wat nie maklik gevul sal word nie en sy nagedagtenis sal altyd in ons harte leef.
Ons gedagtes en gebede is by sy geliefdes gedurende hierdie moeilike tyd.
Rus in vrede, Johan.
Jy sal gemis word.
**Bestuur en werknemers van Die Burger en Netwerk24.**

### BEUKMAN Zagryda



**21.10.1940 - 05.11.2025**

Sag heengegaan in Pretoria.
Een van haar laaste wense was dank aan vriende en familie vir die jarelange vriendskap.
**Met kosbare herinnering, kinders en kleinkinders.**

(Private verassing)

## VOLWASSENES

## PRIVAAT
2015

YOUNG Perfectionists for private massage from the East. S/west **079 856 3781**

Sexy blond pvt B/fell 0818247167

A BEAUTIFULBLACK DIAMOND STACEY.PAROW **078 889 9796**

## VAKANSIE & REIS

## AKKOMMODASIE
2635

Selfsorg Akkommodasie in Panorama/Parow/Goodwood v.a R600 p.nag **082 770 9691**

## REGSKENNISGEWINGS & TENDERS

## VERLORE DOKUMENTE
4040

ST2094/2014
**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen vir 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte-nr. ST2094/2014 gepasseer deur GIDEON MORNE BOTHA, Identiteitsnommer 721111 5047 08 2, ongetroud ten gunste van DARIA BURATTI, Identiteitsnommer 320805 0081 08 8, ongetroud ten aansien van sekere eenheid bestaande uit Deel-nr. 64 soos aangetoon en vollediger beskryf op Deelplan-nr. SS199/2001 in die skema bekend as KLEINBRON MEWS ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te Brackenfell, in die Stad Kaapstad wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes, 4de Vloer, Inligtingstoonbank, Riebeeckstraat 2, Foreshore, Kaapstad, 8001 binne twee weke na datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bellville op hede die 29ste van Oktober 2025.
BRITS DREYER INGELYF, Aansoeker, Louwvillestraat 9, Bellville, 7530. Tel. 021 946 1127. E-pos: cmostert@britsdreyer.-co.za
4564 - Nov. 6-(4040)V

NIELEN MARAIS INC
PROKUREURS ATTORNEYS

T7845/2011

Kennis geskied hiermee dat ingevolge die bepalings van Regulasie 68(1) van die Wet op die Registrasie van Aktes 1937, daar van voorneme is om aansoek te doen vir 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte-nr. T7845/2011 gepasseer deur WOKER INVESTMENTS CLOSE CORPORATION, Registrasie-nr. 2002/077877/23, ten gunste van ALEXANDER ROBERTSON, ID-nr. 741206 5236 08 5, ongetroud met betrekking tot RESTANT ERF 3183 KAAPSTAD TE KAAPSTAD in die Stad Kaapstad, Afdeling Kaap, Provinsie van die Wes-Kaap wat verlore of vernietig is.
Alle persone wat besware het teen die uitreiking van sodanige titelbewys word hiermee versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes by Vloer 4, Inligtingstoonbank, Riebeeckstraat 2, Foreshore, Kaapstad, binne twee weke na die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Parow op die 29ste van Oktober 2025.
NIELEN MARAIS INGELYF, Mc Intyrestraat 16, Parow, 7500. E-pos: izami@nmilaw.co.za, Tel. 021 939 3007.
2591 - Nov. 6-(4040)V

T49754/2014
**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, daar van voorneme is om aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte T49754/2014 gepasseer deur BIRTIE CHRISTOPHER KAFFER, ID-nr. 820423 5221 08 2 en LORETTA LORRAINE CLARK-KAFFER, ID-nr. 851023 0025 08 2, getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar, ten gunste van ERNEST KATZEN, ID-nr. 500124 5086 08 0, Wewenaar, met betrekking tot sekere ERF 2672 KRAAIFONTEIN, in die Stad Kaapstad, Afdeling Paarl, Provinsie Wes-Kaap, groot 496 (vier honderd ses en negentig) vierkante meter, wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Wes-Kaap binne twee weke na datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
MALAN LAAS & RALL ING., Brightonweg 60, Kraaifontein, 7570. Epos: mls1@absamail.-co.za, Tel. 021 988 1144.
2826 - Nov. 6-(4040)V

T5130/1995
**VERLORE TRANSPORTAKTE**

Kennis geskied hiermee ingevolge Reël 68 van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937, van die voorneme om aansoek te doen om 'n gewaarmerkte afskrif van Akte van Transport-nr. T5130/1995 gepasseer deur Etienne Andre Le Roux, ID-nr. 331010 5005 08 6 en Violet Julie Le Roux, ID-nr. 350726 0067 00 5 ten gunste van Derek John Krige, ID-nr. 521026 5075 00 2 ten opsigte van sekere Erf 993 Bellville wat verlore of vernietig is.
Alle belanghebbende persone met besware teen die uitreik van sodanige afskrif word hiermee versoek om hul besware skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes in Kaapstad, binne twee weke van die publikasiedatum van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Monte Vista op 30 Oktober 2025.
TSM INCORPORATED, Applikant, Posbus 13834, N1 City, 7463. E-pos adres: lobke@tsminc.-co.za, Tel. 021 558 0067.
2868 - Nov. 6-(4040)V

ST6628/2005
**VERLORE AKTE**

Kennis geskied hiermee dat ingevolge die bepalings van Regulasie 68 van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937, daar van voorneme is om aansoek te doen vir gesertifiseerde afskrift van Transportakte ST6628/2005 uitgereik deur: 1. GLENN SHAW, ID-nr. 711116 5263 08 6, getroud, welke huwelik beheer word deur die wette van New York (Verenigde State van Amerika). 2. CATHERINE WINTER SHAW, gebore op 22 Augustus 1969, getroud, welke huwelik beheer word deur die wette van New York (Verenigde State van Amerika) ten gunste van DAMIAN ROBERT BROWN, gebore op 30 Januarie 1966, ongetroud met betrekking tot 'n eenheid bestaande uit: Deel-nr. 4 soos aangetoon en vollediger beskryf op Deelplan-nr. SS 258/2002 in die skema bekend as DUNKELD VILLAGE ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleê te KAMPSBAAI, in die Stad Kaapstad, van welke deel die vloeroppervlakte, volgens genoemde deelplan, 219 (twee honderd en negentien) vierkante meter groot is verlore of vernietig is.
Alle persone met besware teen die uitreik van sodanige titelbewys word hiermee versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes by Inligtings Toonbank, 4de Vloer, Riebeeckstraat 2, Foreshore, Kaapstad binne twee weke na die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Bellville.
AANSOEKER: Symington De Kok Prok / Janine Fouché, Jip De Jagerrylaan 99, Tygervallei, Bellville. Epos: janine@symok.-co.za, Tel. 021 913 3137 (FGB-3582).
6856 - Nov. 6-(4040)V

SK1340/2005S
**VERLORE AKTE**

Kennis geskied hiermee dat ingevolge die bepalings van Regulasie 68 van die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937, daar van voorneme is om aansoek te doen vir gesertifiseerde afskrifte van Notariele Sessie van Uitsluitlike Gebruiksgebiede Nr. SK1340/2005S, uitgereik deur: 1. GLENN SHAW, ID-nr. 711116 5263 08 6, getroud, welke huwelik beheer word deur die wette van New York (Verenigde State van Amerika); en 2. CATHERINE WINTER SHAW, gebore op 22 Augustus 1969, getroud, welke huwelik beheer word deur die wette van New York (Verenigde State van Amerika) ten gunste van DAMIAN ROBERT BROWN, Gebore op 30 Januarie 1966, ongetroud met betrekking tot: 1. 'n Uitsluitlike gebruiksgebied beskryf as YARD Y4 groot 123 (een honderd drie en twintig) vierkante meter, synde 'n gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, bevattende die grond en die skema bekend as DUNKELD VILLAGE ten opsigte van die grond en gebou of geboue geleë te KAMPSBAAI, in die Stad Kaapstad, soos getoon en vollediger beskryf op Deelplan-nr. SS258/2002.
Alle persone met besware teen die uitreik van sodanige titelbewys word hiermee versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes by Inligtings Toonbank, 4de Vloer, Riebeeckstraat 2, Foreshore, Kaapstad binne twee weke na die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Bellville.
AANSOEKER: Symington De Kok Prok / Janine Fouché, Jip De Jagerrylaan 99, Tygervallei, Bellville. Epos: janine@symok.-co.za, Tel. 021 913 3137. (FGB-3582).
6856 - Nov. 6-(4040)V

## VERKOOP VAN SAAK
4065

Barton Vegetables
**VERKOOP VAN SAAK**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 34(1) van die Insolvensiewet Nr. 24 van 1936, soos gewysig, aan belanghebbende partye en skuldeisers van die verkoop van die besigheid wat insluit die registrasie van die oordrag van Gedeelte 59 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die Plaas 781, geleë in die Theewaterskloof Munisipaliteit, Afdeling Caledon, Provinsie van die Wes-Kaap deur Barton Vegetables Eiendoms Beperk Registrasie Nommer 2019/587075/07, wat handel dryf onder die naam en styl Barton Vegetables op voormelde eiendom, aan Wild Break 1333 Beslote Korporasie Registrasie-nr. 2004/008680/23, na afloop van 30 dae van die laaste publikasie, maar nie later as 60 dae van hierdie kennisgewing, soos vereis.
BURGERS EN VAN NOORDWYK PROKUREURS, Cegela House, Hoopstraat 20, Hermanus. Epos: deeds@bvnprok.co.za
Tel: 028 312 1127
6320 - Nov. 06 & 07-(4065)V

Gratedean Limited
**VERKOOP VAN SAAK**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 34(1) van die Insolvensiewet Nr. 24 van 1936, soos gewysig, aan belanghebbende partye en skuldeisers van die verkoop van die besigheid wat insluit die registrasie van die oordrag van Restant Gedeelte 1 van die Plaas Nr. 781, geleë in die Theewaterskloof Munisipaliteit, Afdeling Caledon, Provinsie van die Wes-Kaap deur Gratedean Limited (in Engeland geïnkorporeer), Registrasie Nommer 2001/-012468/10, wat handel dryf onder die naam en styl Gratedean Beperk op voormelde eiendom, aan Wild Break 1333 Beslote Korporasie Registrasie Nommer 2004/008680/23, na afloop van 30 dae van die laaste publikasie, maar nie later as 60 dae van hierdie kennisgewing, soos vereis.
BURGERS EN VAN NOORDWYK PROKUREURS, Cegela House, Hoopstraat 20, Hermanus. Epos: deeds@bvnprok.co.-za, Tel. 028 312 1127.
6320 - Nov. 06 & 07-(4065)V

**DIE BURGER** het die advertensie in goeder trou aanvaar. Enige besware teen advertensie kan gerig word aan die koerant se advertensie-bestuurder, Tammy van Zyl: tvanzyl@media24.com, of klagtes kan gestuur word aan die Suid-Afrikaanse Gesagsowerheid vir Advertensie-standaarde by www.saasa.co.za

## BETREKKINGS

The Vineyards of uniWines
BREEDEKLOOF SOUTH AFRICA

**PARSHULPE BENODIG**

uniWines Vineyards kelders in die Rawsonville area bied enige jong, betroubare en hardwerkende persoon die geleentheid om ondervinding in die wynmaakproses op te doen gedurende die 2026 parsseisoen.

Geskikte kandidate moet beskikbaar wees vanaf middel Januarie tot einde April 2026. Formele opleiding in wynmaak sal in kandidate se guns tel.

**Stuur u CV aan ruan@uniwines.co.za.**

**AANSOEKE SLUIT OP 30 NOVEMBER 2025**

VRYDAG
**Gesond!**




'n Tweeweeklikse bylaag oor gesondheid- en skoonheidsaspekte, asook mediese studies, onderhoude en inligtingsgrafika.

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**TENDER 46/2025**

Tenders are hereby requested for the **UPGRADING OF MCGREGOR WTW**, as specified in the bid document. Completed Bids, in sealed envelopes, clearly marked **TENDER 46/2025 UPGRADING OF MCGREGOR WTW**, should be placed in the tender box, at the Langeberg Municipal Office, 28 Main Road, Ashton, not later than 12:00 on 12 December 2025 when the Bids will be opened in public. Late, faxed or e-mailed tenders will not be considered.

Tenderers must be registered with the CIDB in a class of construction works and have a grading designation equal to or higher than that determined in accordance with the sum tendered or a value determined in accordance with regulation 25 (7A) of the Construction Industry Development Regulations, 2004. It is estimated that tenderers will need a grading designation of **7CE OR HIGHER**,

**COMPULSORY CLARIFICATION MEETING:**
**A COMPULSORY CLARIFICATION MEETING WILL BE HELD ON 17 NOVEMBER 2025 AT 11H00, AT THE McGREGOR MUNICIPAL OFFICES, 24 VOORTREKKER Rd, McGREGOR. NO LATE COMERS WILL BE ADMITTED AFTER 11H05.**

**PLEASE NOTE:**
The official Bid document must be fully completed in black ink, all pages must be returned and the document should preferably be stapled or bound. Supporting documents must be submitted separately and must be stapled or bound. The Langeberg Municipality may appoint "reserve bidders" and award the bid to the second – or third ranked bidder during the adjudication stage if the highest-scoring bidder fails to perform during contract execution.

The lowest, or any tender, will not necessarily be accepted and council reserves the right to accept any tender. Tenders will be evaluated according to the Council's Supply Chain Management Policy and the 80/20 Preference Point system. The Supply Chain Management Policy can be viewed at Municipal Offices or www.langeberg.gov.za
A minimum functional assessment score of 70 points will apply to this contract

Bid documents are available from **6 November 2025**, on the Langeberg Municipal website: www.langeberg.gov.za
Please refer written enquiries to **MR N ALBERTYN** nalbertyn@langeberg.gov.za

**DP LUBBE**
**MUNICIPAL MANAGER**

**Langeberg Municipality | Langeberg Municipaliteit**
**Munisipale Kantoor | Municipal Office**
**Private Bag X2 / Privaatsak X2, Ashton, 6715**

DRAKENSTEIN
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA
Paarl | Wellington | Gouda | Saron | Simondium

**PUBLIEKE KENNISGEWING VIR DIE INSPEKSIE VAN DIE TWEEDE AANVULLENDE WAARDASIEROL 2024 EN INDIENING VAN BESWARE**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 49(1)(a)(i) saamgelees met Artikel 78(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) hierna verwys as die "Wet", dat die Tweede Aanvullende Waardasierol 2024 ter insae lê vir publieke inspeksie gedurende kantoorure vanaf 30 Oktober 2025 tot 19 Desember 2025 by onderstaande lokale. Daarbenewens is die waardasierol ook beskikbaar op die munisipaliteit se webtuiste **www.drakenstein.gov.za.**

Ingevolge Artikel 49(1)(a)(ii) van die Wet kan enige grondeienaar of ander persoon wat dit wil doen, binne die tydperk vanaf 30 Oktober 2025 tot 19 Desember 2025 'n beswaar aanteken by die stadsbestuurder met betrekking tot enige aangeleentheid vervat in, of weggelaat uit die waardasierol. Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van besware is verkrygbaar by onderstaande lokale sowel as op bovermelde webtuiste.

Besware kan slegs ten opsigte van eiendomme wat vervat is in die Tweede Aanvullende Waardasierol ingedien word. Die eienaars van hierdie eiendomme sal skriftelik van hul waardasies in kennis gestel word by hul posadres wat tans op die munisipaliteit se databasis verskyn.

Aandag word spesifiek gevestig op die feit dat in terme van Artikel 50(2) van die Wet, dat 'n beswaar in terme van sub-artikel 50(1)(c) van die Wet, betrekking moet hê op 'n spesifieke individuele eiendom en nie teen die waardasierol as sodanig nie. Let asseblief daarop dat vir elke eiendom 'n beswaarvorm ingedien moet word.

Die voltooide beswaarvorms kan by die genoemde beswaarlokale ingehandig word of na die volgende adres gepos word: Drakenstein Munisipaliteit, Vir Aandag: Waardasie-Afdeling, Posbus 1, Paarl, 7620 of stuur 'n e-pos na: **CustomerCare@drakenstein.gov.za**

**Beswaarlokale:**
Drakenstein Munisipale Kantore, 1ste Vloer, Burgersentrum, Bergrivier Boulevard, Paarl
Drakenstein Kliënte Dienssentrum, Mbekweni
Drakenstein Munisipale Kantore, Burgersentrum, Pentzstraat, Wellington
Drakenstein Munisipale Kantore, Gouda
Drakenstein Munisipale Kantore, Saron

**Neem kennis, die sluitingsdatum vir die indiening van besware is 19 Desember 2025 en dat onder geen omstandighede sal laat besware aanvaar word nie.** Navrae kan gerig word aan Mnr I Fortuin (021 807 4534), Mnr M Y Gaidien (021 807 4792) of Mnr J Lawrence (021 807 4825).

**DR J H LEIBBRANDT**
**STADSBESTUURDER**
Paarl Post 30/10/2025 (repeat 06/11/2025)
Die Burger 30/10/2025 (repeat 06/11/2025)
Prov. Gazette 31/10/2025 only

955120V-DB301025

**KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING**

Die Muizenberg Improvement District NPC (MID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2026/2027.

Datum: 27ste November 2025
Tyd: 18:30
Plek: Muizenberg Junior Skool, 58 Hoof Weg Muizenberg

Net bona fide-lede van die Muizenberg Improvement District (MID) kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die Muizenberg Improvement District (MID) se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 20ste November 2025 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.MID.org.za of bel Desiree 0608572076 / admin@mid.org.za**

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

## BELANGRIKE KENNISGEWING

**KENNISGEWING INGEVOLGE 2 (8)(A) VAN DIE WES-KAAPSE AMBULANSDIENSREGULASIE VAN 2012**

Die Wes-Kaapse Regering Gesondheid en Welstand publiseer hiermee kennisgewing van die aansoeke wat ontvang is vir die vestiging van private en openbare ambulansdienste in die Wes-Kaap. Alle belanghebbende partye wat graag kommentaar wil lewer, mag so doen, binne 30 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing. Vir beide afskrifte van die aansoek (teen 'n nominale fooi) en vir indiening van kommentaar, kontak asseblief: **Wes-Kaapse Regering Gesondheid en Welstand: Mnr A Ajam, E-pos: Abdul.Ajam@westerncape.gov.za**

| PRIVAAT / OPENBARE AMBULANSDIENS | NAAM VAN EIENAAR | LIGGING | TOTALE AANTAL AMBULANSE / REDDINGSVOERTUIG / REDDINGSVOERTUIG |
|---|---|---|---|
| Klein Karoo Events | Mnr TS Gouws | Karoo (Oudshoorn) | Application for the extension of an existing medical events service with 2 (two) ambulances with Intermediate Life Support (ILS) scope of practice in Oudshoorn. |
| Relay EMS | Mev M Mitchell | Tuinroete (Mossel Bay) | Application for a new ambulance service with 1 (one) base, 1 (one) ambulance and 1 (one) response vehicle with Advanced Life Support (ALS) scope of practice in Mossel Bay. |